Wat behels Heiligheid?
28 Januarie 2024
Ds. Teodor van der Spuy

tvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Die storie van die Ou Testament is een waar God Homself aan die mens openbaar as ‘n Heilige God. ‘n Afgesondere, gans andere God. God wil nie he dat ons Hom moet vergelyk met die ander Gode nie. Hy se dan dat Hy heilig is en nooi ons om ook Heilig te wees.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- **Levitikus 19**

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Gesels saam

1. Wat behels dit van my en jou om heilig te leef in 2024?
2. As die definisie van heiligheid behels dat ons anders as die wêreld om ons moet lyk, hoe vaar jy in daardie taak?
3. As ek vandag iemand by jou werk moet gaan vra of jy “anders” leef as die res. Maw. ‘n Christen is. Wat dink jy sou hulle oor jou se?
4. Hierdie verstommende teks kom keer die definisie van heiligheid hals oor kop om. Waar jy dalk in die verlede gedink het dat heiligheid beteken dat jy op ‘n bepaalde manier moet praat, bid en aanbid. Leer Levitikus 19 ons dat wanneer God ons roep na heiligheid, hy ons roep om anders te leef as die wêreld om ons. Dit is hoe ons geken sal word. Aan die vrugte wat ons dra.
5. Levitikus 19 het baie voorstelle van hoe ons moet leef om uiteindelik Heilig te wees. Watter van hierdie voorskrifte kan elke individu in die groep beter doen?
6. Watter een van die voorskrifte/voorstelle kan julle as ‘n groep beter doen?

Doen saam

1. Wat gaan julle as kring doen om dieper na Christus te groei?
2. Hoe gaan jul mekaar gereeld verantwoordbaar hou vir heiligheid in julle lewe?
3. Hoe gaan jy heiligheid uitleef in Moreleta Kerk?

Bid saam

Here ons besef vandag dat plekke, geboue en bakstene nie opgeroep kan word tot ‘n heiligheid nie maar wel mense. Here my gebed is om afgesonder te lewe vir U. Vergewe my as ek maklik oordeel en nog makliker ander mense se splinters raaksies in hulle oe. Kom maak wakker in my die begeerte om heilig, anders en afgesonder te lewe vir U in my alledaagse lewe.